# Die kerk

**J P Oberholzer**
**Universiteit van Pretoria**
**Emeritus-professor**

**Abstract**
**The church**
*This survey of biblical material on the church proceeds from the viewpoint that the identity of the church of God can be treated only as an existential question, asking 'who is the church?' and 'who am I?' at the same time. The article shows that, of the various images used in the New Testament to describe the church, virtually every one forms the basis of a call to a holy and dedicated life. At the same time these images, with the exception of the body image, unite the churches of the Old and New Testament in such a way that the church of Christ is shown to be heir and new creation at the same time. Two prominent features appear: the call to a holy life and acceptance of the universality of the church, emanating from the will and being of the Lord himself, and guided by his Holy Spirit.*

## 1. INLEIDING

Dit is opvallend, en dalk ook ironies, dat onder ons in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika skielik so baie oor die kerk gepraat word, nie meer net oor die historiese gang van en die karakter wat die Hervormde Kerk aangeneem het in sy kort maar stormagtige geskiedenis nie, maar nou ook oor die wesensvrae. Nie net hierdie vergadering van herders en leraars vind dit nodig om 'n volle sitting aan die saak te wy nie, ook die Fakulteit Teologie (Afd A) het dié tema gekies, en dan boonop vir die voortgesette opleiding van predikante van die kerk. In hierdie Aflewering van die *Hervormde Teologiese Studies* vind ons die resultate van hierdie werk waarin daar vanuit die totale teologiese wetenskap nagedink word oor die groot vraag: *wie of wat is die kerk?*

* Voordrag gelewer voor die Predikantevergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika op 13 September 1995.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die vraag na die identiteit van die kerk is 'n wesensvraag. As ons vra: wat is die kerk?, beland ons meteen op 'n pad sonder einde, die pad van abstrakthede en van ontvlugting. Dan word die kerk iets wat dáár is, 'n begrip wat spekulatief en fenomenologies bekyk en bespreek kan word sonder dat die denkers en waarnemers daardeur aangespreek word. So 'n hantering lyk baie op die wegkruip agter die hoë bome van die geskonde paradys. Ek hoop en bid dat die belangstelling in die wese van die kerk wat nou onder ons begin leef het, nie ook so 'n poging tot ontvlugting is nie. Die tyd is inderdaad oorryp dat ons die stem hard en duidelik sal hoor: waar is jy? Ons is ten spyte van onsself nie alleen met ons skuld nie, nie oorgelaat aan onsself nie. Die barmhartige God aan wie se liefde daar geen einde is nie, is hier en laat ons voor Hom staan en Hy vra die vraag. Daarom: ek is mens voor God, en alleen so kan ek vra na die kerk.

Dit is hoe die Heidelbergse Kategismus ook oor die kerk praat: dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly. Die vraag kan dus alleen wees: wie is die kerk? En vir ons wat hier saam is, vir die teologiese fakulteit, vir al die ampsdraers en lede van die Hervormde Kerk is die vraag dan: wie is ek? So moet dit wees. Vanuit die aard van die kerk as gemeenskap, as een, heilig en algemeen, sou ons ook kon vra: wie is ons, maar net as ek nie wegraak in die groot massa nie, as die 'ons' nie maar weer net 'n wegkruipplek word nie. Van die oeroue begin af was dit nodig dat elke mens wat deur God geroep word, voor Hom sal staan en onontwykbaar sal weet: ek is mens voor God. Die totale arbeid van die kerk, sy erediens met belydenis, gebed, lied, voorlesing en prediking, sy onderrig en herderlike sorg, sy hulpverlening aan mense in nood, het immers ten doel om oor en oor vir sy lede te sê: jy is mens voor God.

Sou dit dalk kon wees dat die ontwaking van die vraag na die kerk en sy wese 'n skuldbelydenis is, 'n erkenning dat die totale werk van die kerk, in ons geval spesifiek van die Hervormde Kerk, soos die doenigheid van Marta was, oor baie dinge besorg en bekommerd sonder om aan die voete van die Here te sit en na Hom te luister (Luk 10:38-42)? As dit die diepgrypende verandering in die sosio-politieke omgewing met sy bedreiging is wat die vraag na die identiteit van die kerk oproep, is dit dan so dat die ampsdraers sy lede nie kon en kan toerus om mense voor God te wees in elke omstandigheid en sonder 'n beskermende sosiale kokon nie? Of lê die probleem by die vergaderings van die kerk, by politieke en ideologiese verlamming, sodat talle wat koers moes aandui, net nie meer in staat is om te luister na die Woord van God en die pad van gehoorsaamheid te loop nie?

Die vraag na die identiteit van die kerk is 'n vraag na gehoorsaamheid: mens voor God wees soos Hy wil hê jy moet wees. Kom ons soek 'n bietjie in die Bybel rond. Dis tog waar ons moet begin. As daar iemand is wat die identiteit van die kerk wil naspoor sonder om by die Bybel te begin, en sonder om hom daarna te wil rig, val hy buite hierdie gesprek.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Wanneer in die Nuwe Testament die woord *kerk* of *gemeente* gebruik word (weergawes van dieselfde Griekse woord *ἐκκλησία*) gaan dit steeds oor mense, gewone mense van vlees en bloed wat bang of bly kan wees (kyk Hand 5:11; 13:52). Kenmerkend is dat hulle bymekaarkom (Hand 1:15; 5:12; 1 Kor 11:18, 20; 14:19, 23, 28) en as byeenkoms handelinge verrig. Die gemeentes ontvang berig (Hand 11:22) of verslag (Hand 14:27), neem besluite (Hand 15:2, 22), kies ampsdraers (Hand 1:15-26; 6:1-6), ontvang of stuur afvaardigings (Hand 15:4, 22; 2 Kor 8:19, 23) of groete aan mekaar (Rom 16:16; 1 Kor 16:19), sorg vir die onderhoud van apostels (Fil 4:15), en verleen hulp aan medegelowiges in nood (Rom 15:26; 1 Kor 16:1; 1 Tim 5:16). Daar word telkens vermeld dat die getalle van die gelowiges toegeneem het (Hand 2:41; 4:4; 6:1, 7; 11:21; 16:5). Vervolging van die kerk het vroeg begin (Hand 8:1; 11:19; 12:1), en het voortgeduur.

Binnekerklike verdeeldheid het ook nie op hom laat wag nie. Daar was ernstige verskil oor die toelating van bekeerlinge uit die heidendom en oor die handhawing van Joodse gebruike (Hand 15:1, 5-10, 23), naywer en geskille tussen die apostels (Hand 16:37-40; Gal 2:11-14; Fil 1:15-17), pogings om die gnostiek en ander vals leer in die kerk te vestig (1 Tim 1:3-7; 6:3-10), en om immoraliteit met die godsdiens te versoen. 'n Mens kry die beeld van 'n voordurende stryd na *buite* en na *binne*.

Die handelinge van die kerk was egter nie beperk tot die eerste ontwikkelings in die rigting van 'n institusionele grootheid nie. Die kerk het ook gebid, gevas (Hand 12:5; 13:3), evangelie verkondig (Hand 8:4), besprekings gevoer (Hand 19:9), onderrig gegee (Kol 3:16; 1 Tim 3:2), gedoop en liefdesmaaltye gehou.

Hy was eerstens 'n gemeenskap van gelowiges (Ef 3:15), en dit is in hierdie hoedanigheid dat die kerk nie 'n gewone vrywillige vereniging van mense met 'n gemeenskaplike oortuiging en bedoeling is nie. Christus, en wel die opgestane en verheerlikte Christus, is hoof van die kerk, en daar is tussen Hom en die lede van die kerk 'n noue verbintenis. Dit word uitgedruk met 'n verskeidenheid van beelde: die kerk is sy *liggaam* (Ef 1:22-23; 5:23; Kol 1:18, 24), die *kudde* waarvan Hy die groot Herder is (Joh 10:16; Heb 13:20), die *huisgesin van God* (Ef 2:19; 1 Tim 3:15), die *kinders van God* (Joh 11:52), die *volk van God* (Hand 26:18; Ef 1:11, 13; 3:6; Tit 2:14; Heb 2:17; 4:9; 13:12; 1 Pet 2:9-10), bowendien ook die *uitverkore volk van God* (Kol 3:12; 1 Pet 2:9), sy *eiendomsvolk*, die *nasie* wat vir Hom afgesonder is (1 Pet 2:9). Die kerk is ook die *gebou van God* (1 Kor 3:9), opgerig op die fondament van apostels en profete, terwyl Christus self die hoeksteen is (Ef 2:20-21). Die kerk is 'n *geestelike huis* (1 Pet 2:5), die *tempel van die lewende God* waarin Hy self teenwoordig wil wees (2 Kor 6:16), 'n heilige tempel wat verrys omdat Christus die gebou in Hom saamsluit (1 Kor 3:17; Ef 2:21).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hierdie beeld word ook op die enkele gelowige betrek: sy liggaam is 'n *tempel* van die Heilige Gees (1 Kor 6:19). Die tempelbeeld word aangevul deur dié van die *kultusdienaars*: die kerk is 'n heilige en koninklike priesterdom (1 Pet 2:5, 9). Die kerk is ook die *saailand van God* waarop sy apostels moes arbei (1 Kor 3:9). In die gelykenis van die saaier word hierdie beeld uitgebrei: daar is die saailand die wêreld, en die goeie saad die mense van die koninkryk (Matt 13:38). Dan is daar ook nog die beeld van die *wingerdstok* en die *lote* wat deur Jesus gebruik word om te illustreer hoe nou die verbintenis tussen Hom en die lede van sy kerk is: 'Julle moet in My bly en Ek in julle' (Joh 15:4). Die kerk as *bruid van Christus* is eweneens 'n baie besondere wyse om die diep geheimenis van die verhouding tussen Christus en sy kerk uit te druk (2 Kor 11:2; Op 19:7; 21:9, vgl Ef 5:13-31).

Die beelde waarna verwys is, word feitlik deurgaans gebruik om die lede van die kerk op te roep tot 'n heilige, aan God gewyde lewe. Die kerk word daardeur telkens daaraan herinner dat hy wel in die wêreld is, maar nie van die wêreld nie. Terselfdertyd verbind die onderskeie beelde elk op eie wyse op 'n baie besondere wyse die gemeente van die Nuwe Testament met dié van die Ou Testament, en wel so dat die kerk tegelyk erfgenaam en nuwe skepping is.

Die heilige lewe neem 'n baie prominente plek in in die oproep aan die kerk. Dit is die teken van die totale breuk met 'n verlede van sonde en uitsigloosheid en 'n bevestiging van die nuwe situasie waarin die lede van die kerk eiendom van God is (Rom 6:19; Ef 4:22-24). Die uitverkiesing voor die skepping van die wêreld is 'n uitverkiesing om heilig en onberispelik voor God te wees (Ef 1:4). Die liefde van Christus vir sy kerk laat Hom sy lewe vir die kerk aflê om die kerk aan God te wy 'sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik' (Ef 5:25-27; kyk ook Kol 1:22).

Die heilige lewe is gehoorsaamheid aan die wil van God (1 Tess 4:1-12), en beteken 'n volledige nee aan alle onsedelikheid (1 Tim 2:14; Tit 2:3; Heb 12:14-16). Net soos in Levitikus grond 1 Petrus 2:13-16 die heilige lewe van die gelowige in die heilige wese van God — 'Wees heilig want Ek is heilig'. In Romeine 12:1 noem Paulus dit die kultiese handeling van die kerk wat die wesenlike van die godsdiensbeoefening is. Vandaar ook die sterk uitsprake in verskillende briewe dat die koninkryk van God gesluit is vir almal wat 'n bose lewe lei (1 Kor 6:9-10; Gal 5:19-21; Ef 5:5).

Ook hierin sluit die briefskrywers aan by die Ou Testament. Levitikus en die profete het veral beklemtoon dat die eer van God aangetas word wanneer Israel onheilig lewe (Lev 19:11-18; Jer 43:16; Am 2:7) en afgode dien (Lev 20:1-9; Eseg 20:39; 43:8). In die kultiese konteks het dit beteken dat, wie ook al sulke dade pleeg, hulleself uitsluit van die kultus en hulleself ook so afsny van die volk van God.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Daarby sluit Jakobus aan as hy sê dat die goeie Naam van Hom aan wie die gemeente behoort, geskend word deur uitbuiting en onderdrukking van die armes (Jak 2:6-7). Dit is ook die agtergrond van die gedagte dat God verheerlik sal word deur die heidene wat die voorbeeldige lewe van die Christene sien (1 Pet 2:12).

Die beklemtoning van die heilige lewe vir die lede van die kerk kom dus voort uit die kultiese gedagtewêreld van die absolute skeiding tussen rein en onrein. Wat gebeur het, is dat die heilige plek waar die mens voor God is, nou uitgebrei is tot oral waar die mense van God is. Die kerk is sy tempel, en so is die liggaam van elke gelowige sy tempel. Dit beteken skeiding tussen rein en onrein in die hele bestaan van die kerk en van elke lid. Die kerk is sakrale gebied en die liggaam van die gelowige is sakrale gebied — 'As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle'.

Die kerk staan in die ryke erfenis van die eeue waarin die mens voor God die gestalte het van die ongehoorsame mens in die paradys, die verbanne moordenaar, die begenadigde Noag, die geroepe Abram, die verbondsgenote Abraham, Isak en Jakob, die gevolmagtigde Moses, die uit-slawerny-verloste, uitverkore Godsvolk wat verbondsgenoot en verbondsverbreker is, die profete, priesters en konings, die skrywers en digters, die sangers en wyses, die verworpe en begenadigde Godsvolk wat in skamele reste 'n nuwe begin probeer maak, en veel meer.

As *ἐκκλησία* tree die kerk in die erfenis van die עֵדָה en קָהָל van die Here, as kudde volg hy in die spore van die kudde wat Hy uit Egipte gelei het en vir wie Hy Herder was, en wat Hy toevertrou het aan die sorg van herders; as huisgesin volg die kerk dié huis waarin Moses die oppasser (Num 11:11-12) en die vertroude, getroue dienaar is (Num 12:23; Heb 3:5); as volk van God is die kerk die nuwe Israel wat die ername ontvang wat aan Israel toegeken is (Eks 19:5-6; Deut 7:6); as tempel van God is die kerk die sakrale ruimte waar God teenwoordig is en waar mense voor Hom staan; as 'n priesterdom verrig die kerk die offerdiens wat reeds in die Ou Testament uit die formele kultus verskuif word na die terrein van die gesindheid en die heilige lewe (Ps 51:19), en word hy gelei deur 'n volmaakte Hoëpriester wat tegelyk volmaakte offer was (Heb 8:1-6; 10:11-14); as saailand van God is die kerk erfgenaam van die volk wat deur God in sy land geplant is (Eks 15:17), die wingerd wat Hy vir Hom aangelê en waarvan Hy goeie druiwe verwag het (Jes 5:2). As bruid van Christus wat die apostel vlekkeloos na haar man toe wil bring (2 Kor 11:2), en waarvan die fyn klere die regverdige dade van die gelowiges is (Op 19:7), is die kerk die Jerusalem met wie God Hom versoen ten spyte van alles wat sy gedoen het (Eseg 16:63), met wie Hy die verbond wat Hy in haar jeug met haar gesluit het, weer laat geld (Eseg 16:60).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Dit kom voor of die liggaambeeld nie in die Ou Testament 'n antesendent het nie, en dat Paulus dit uit tydgenootlike spraakgebruik in die antieke wêreld ontleen het. Dat dit egter 'n effektiewe beeld is wat die verhouding tussen Christus en die lede van sy kerk op onvergelyklike wyse uitdruk, is nie te betwyfel nie. Daarin lê die geborgenheid sowel as die dissipline van die kerk opgesluit. Dit is egter veral die aanduiding van die kerk as volk van God wat helder en duidelik die identiteit van die kerk uitspreek in vergelyking met die volk van die ou verbond. Die kerk is universeel, soos wat Israel bedoel was om te wees, maar nie geword het nie.

In die Ou Testament word die *universaliteit* van die Godsvolk telkens uitgedruk (Ps 87; Jes 2:2-3; 18:7; 19:18-25; 23:17-18; 56:3-8; 66:23; Mal 1:11), maar oor die algemeen is die beeld van die volk een van *eksklusiwiteit*. Die Godsvolk waarvan daar in die Nuwe Testament sprake is, is een waarin die 'kinders van God wat oor die hele aarde versprei is, tot een volk bymekaar' gebring word deur die sterwe van Jesus (Joh 11:52), die Lam wat met sy bloed 'mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie' (Op 5:9; 7:9; 14:6).

Die verhaal van hoe die kerk homself moes oorwin om een nuwe mensheid te word, staan vir ons opgeteken in die vertellings oor Petrus aan huis van Simon die leerlooier, en oor die vergadering van die apostels en ouderlinge in Jerusalem (Hand 10 en 15), en word in Efesiërs 2:11-22 deur Paulus beskryf as die opname van mense wat uit die *bywonerstaat* oorgegaan het na *volle burgerskap* en opname in die *huisgesin van God*. Dat 'geen mens meer as onheilig of onrein beskou mag word nie' (Hand 10:28), het daarmee een van die wesenskenmerke van die kerk geword.

Die herkoms van die kerk sowel as sy bestemming lê buite die veld van menslike besluit en bedoeling. Die kerk is 'n gemeenskap van broers en susters wat in 'n nuwe gesinsverband ingebring is, heiliges, gelowiges, geroepenes, uitverkorenes. Die term ἅγιοι word in die Nuwe Afrikaanse vertaling weergegee met 'dié wat aan die Here behoort' (kyk o a Rom 1:7; 1 Kor 1:2), 'dié wat vir die Here afgesonder is' (Heb 3:1; Jud 3), 'gelowiges' (kyk o a 1 Kor 6:1-2; 16:15) en 'medegelowiges' (Rom 12:13). 'Αδελφόι word vertaal met 'gelowiges' (Hand 1:15; 9:30), 'broers' (kyk o a 2 Kor 8:18, 22) en 'medegelowiges' (1 Kor 6:8; 1 Tim 5:26), πιστόι met 'gelowiges' (Hand 10:45-46) of 'dié wat getrou is'. Saam met κλητόι en ἐκλεκτόι hou hierdie terme die aandag steeds daarby dat die oorsprong van die kerk by sy Heer lê: 'Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het' (Kol 1:18).

Van deurslaggewende belang is dat die kerk van die allereerste begin af begelei word deur die Heilige Gees. Die gang van die kerk is werk van die Gees — 'dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees' (Rom



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

8:5-6). Daarmee saam gaan die beklemtoning van dié handelinge en gesindhede wat beskryf word as geloof, liefde, hoop, die beskrywing van die evangelie van Jesus Christus as waarheid, en die aanduiding van die kerk as 'draer en beskermer van die waarheid' (1 Tim 3:15).

Dit spreek vanself dat ons hiermee maar bloot begin het om te vra: wie is ons/wie is die kerk? Daar is ook ander maniere om in die Skrif te luister na wie ons is. Dit staan op elke bladsy van die Bybel, uitgedruk in die verhouding tussen God en die mense vir wie Hy gesê het: julle is Myne.

Die groot vraag is: Is die Hervormde Kerk kerk? Hy noem homself openbaring van die een, heilige, algemene Christelike kerk. Matig ons ons nie dalk te veel aan as ons dit in ons kerkwet sê nie? Dit is nou wel 'n geloofsuitspraak, 'n uitdrukking van hoop, 'n oortuiging van wat ons nie sien nie (Heb 11:1). Maar geloof sonder die lewe wat daarby pas, is vals. Wat ons betref, is die vraag na die waarheid van die kerk dus 'n vraag na ons daaglikse gang, ons doen en late. Ons kan uit die Bybel die antwoord kry op die vraag: wie is die kerk?, maar kan ons daardie antwoord bevestig met wat ons is en doen? Dit is my ernstige oortuiging dat ons nie anders durf praat en dink oor die kerk nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services